higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 2

28 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 C
1.2 C
1.3 B
1.4 A
1.5 B
1.6 D
1.7 A
1.8 C
1.9 D
1.10 A

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 Onwaar
2.2 Waar
2.3 Onwaar
2.4 Onwaar
2.5 Waar

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 B
3.2 C
3.3 A
3.4 F
3.5 H
3.6 E
3.7 D
3.8 I
3.9 J
3.10 G

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 Aanleidende
4.2 Geleentheid
4.3 Leidrade
4.4 Lêer
4.5 Gepleeg

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

5.1
- Fase 1: Die voorverhoorfase – misdaad word aangemeld. Die polisie doen ondersoek, en die oortreder word in hegtenis geneem en voor die hof gebring.
- Fase 2: Die voorverhoorfase ✓ – die beskuldigde is in die hof en uitspraak – skuldig of onskuldig – word gelewer.
- Fase 3: Vonnisoplegging ✓– die hof besluit op 'n geskikte vonnis.
- Fase 4: Remedies ná uitspraak en vonnisoplegging ✓ – hersiening of appèl.

(4 × 2) (8)

5.2 'n Tekening wat die struktuur van 'n organisasie aandui en die verskillende range van die mense wat in die organisasie werk. (2)

5.3
- Strukture skep versperrings vir die vrye vloei van inligting.
- Strukture is staties en onbuigsaam.
- Organisasies verander en deurloop groeifases.
- Tradisionele organogramme kan nie veranderende grense en/of omgewings hanteer nie weens, byvoorbeeld, snelle vooruitgang in inligtingstegnologie. (Enige 3 × 1) (3)

5.4
- Die voorgestelde organogram moet die doelwitte en planne van die organisasie aandui.
- Die voorgestelde organogram moet die bevoegdheid weerspieël wat tot bestuurders en bevelvoerders se beskikking is.
- Die voorgestelde organogram dui die omgewing aan waarin die organisasie sal funksioneer.
- Die voorgestelde organogram moet die mense of werknemers aandui.

(Enige 3 × 1) (3)

5.5
- Finansieel
- Aanbodkettingbestuur
- Mensehulpbronfunksie (Enige 2 × 1) (2)

5.6
- Rus of slaap
- Voeding of dieet
- Oefening
- Stresbestuur (4)

5.7
- Neem die polsslag (hartklop).
- Kontroleer jou polsslag op die gewrig.
- Kontroleer jou polsslag in die nekslagaar. (3)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Die doel was om motorvoertuie te deursoek, dwelms asook ongelisensieerde en onwettige vuurwapens en ammunisie te konfiskeer, dronkbestuurders in hegtenis te neem en voetgangers te deursoek. (2)

6.2
- Verkeerspolisiëring
- Misdaadvoorkoming en die toepassing van munisipale verordeninge

(Enige toepaslike antwoord gegrond op die Metropolisie se funksies) (2)

6.3 Funksies, tavernes en besige paaie (2)

6.4 Ja, dit was suksesvol omdat baie mense in hegtenis geneem is weens verskillende oortredings soos besit van dwelms, onwettige besit van vuurwapens en ammunisie, dronkbestuur en openbare dronkenskap. (1)

6.5
- Tree aan deur jou plek in jou aangewese peloton in te neem op 'n tydstip wat deur die kollege vereis word.
- Op die bevel, staan individuele pelotonne op aandag en herstel die opstelling voordat hulle op rus staan.
- Die pelotonne op parade staan nou bekend as 'kompanie'.
- Die bevelvoerder van die kompanie roep alle pelotonne op aandag met die bevel: 'Kompanie: aandag!'
- Die 'regs rig' en 'oë front'-bevele volg.
- Pelotonleiers word na die kompaniebevelvoerder ontbied om die bywoningsregister te oorhandig.
- Die kompanie word beveel om in oop orde te marsjeer vir inspeksie.
- Ná inspeksie word die orde gesluit.
- Die kompanie marsjeer, een peloton ná die ander, na die paradegrond waar die landsvlag gehys word. (Enige 3 × 1) (3)

6.6 **Aantekening aan nasiener: Laat studente se eie interpretasie toe.**

- Die maak van wette was nie ooreenkomstig die beginsels van die oppergesag van die reg nie.
- Die wette het veroorsaak dat baie handelinge as onwettig beskou is.
- Buitengewone magte is aan die polisie gegee om onrus te bedwing en teeninsurgensie-bedrywighede uit te voer.
- Die swart weerstandbewegings het guerrilla-verrassingsaanvalle op strategiese teikens uitgevoer.
- Die Sharpeville-slagting het tot die verbanning van die ANC en die PAC gelei. (5)

6.7 **Aantekening aan nasiener: Laat studente se eie interpretasie toe.**

- Die inheemse volke in Suid-Afrika het altyd die een of ander vorm van polisiëring gehad.
- Alle groepe wat in Suid-Afrika gewoon het, het hul eie reëls gehad wat hulle nagevolg het.
- In die Afrika-tradisie het die hoofman gesag oor al die grond en mense gehad.
- Individuele geregtigheid is normaalweg by 'n byeenkoms van al die mans van 'n betrokke stam gehanteer.
- Ná Jan Van Riebeeck se aankoms aan die Kaap is die Ratelwag ('Rattle watch') op 3 Julie 1686 gevestig.
- Die eerste polisiemag aan die Kaap het byna dieselfde funksies as dié van die Metropolitaanse Polisie in Londen gehad.
- Die Suid-Afrikaanse Polisie (SAP) kan sy ontstaan naspeur na die Hollandse Wag ('Dutch Watch').
- Op 1 November 1835 is die bestaande polisie-eenhede deur die Kaapstadse Konstabulêr vervang, wat gegrond was op die beginsels van die Londense Metropolitaanse Polisie.
- Die Kaapstadse Konstabulêr het in 1840 die Kaapstadse Polisiemag geword.

(Enige 5 × 1) (5)

6.8 Zuid-Afrikaansche Republiek Politie✓ en Oranje- Vrystaat Republikeinsche Politie (2)

6.9

- Koloniale polisiëring was militêr georiënteerd en radikaal verskillend van die polisiediens wat Brittanje tuis aan sy burgers gelewer het.
- Koloniale polisiëring is gebruik as 'n effektiewe instrument om Britse heerskappy in Suid-Afrika te vestig.
- 'n Element van onderdrukking van inheemse mense was teenwoordig.
- Inheemse mense is as tweedeklasburgers beskou wat nie dieselfde as wit mense behandel is nie.
- Die Britte het ook nie-Britse wit mense in die binneland as minderwaardig beskou.
- Die polisie is dikwels gebruik om mense te onderdruk wat as vyande van die staat beskou is.

(Enige 3 × 1) (3)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 25

AFDELING D

VRAAG 7

Die misdaadtoneel:
- Dit is die plek waar die misdaad gepleeg is.
- Misdaadtoneel is belangrik omdat dit die bron van inligting is
- vir die speurder om vas te stel wat gebeur het.
- Die misdaadtoneel is die bron van leidrade in die vorm van getuienis. Sodra die speurder hierdie leidrade ontleed het, is hy of sy ’n stappie nader daaraan om die misdaad op te los. ✓

Tipes misdaadtoneel:
- Daar is verskillende misdaadtonele:
- Binnenshuise toneel in ’n gebou
- Buitenshuise toneel, byvoorbeeld in die veld
- Mobiele toneel soos voertuie of vaartuie
- Persoongeoriënteerde misdaadtoneel ✓
- Waar die liggaam en kleredrag van ’n persoon die leidrade lewer, soos in verkragtinggevalle

Deursoeking van die misdaadtoneel:
Die eerste polisiebeamptes op die misdaadtoneel moet dit beveilig en beskerm totdat die misdaadondersoekbeampte (soos die speurder) opdaag en beheer oor die toneel oorneem.✓
Deursoeking van die misdaadtoneel is ’n baie belangrike deel van die ondersoek. Speurder/polisiebeampte kan een van baie deursoekingsmetodes gebruik, of selfs ’n kombinasie van metodes, om die misdaadtoneel te deursoek.

Voorbeelde van deursoekingsmetodes:
- Sone-deursoekingspatroon of sektor: Die speurder verdeel die misdaadtoneel in verskillende gebiede of sones en wys ander ondersoekbeamptes aan elke sone toe. Sodra hulle elke sektor afgehandel het, verskuif die ondersoeker van een sone na die ander. Elke sone/sektor word sistematies deur meer as een ondersoekbeampte deurgesoek en groot gebiede kan behoorlik deurgesoek word. Dit kan binne- en buitenshuis toegepas word.
- Roostersoektog: Hierdie metode is ’n uitbreiding van die strookmetode. Dit verg dat die toneel in horisontale en vertikale stroke verdeel word wat dan ’n roosterpatroon vorm. Dit kan binne- en buitenshuis gebruik word.
- Strook: Die misdaadtoneel word horisontaal in nou stroke van een meter breed verdeel en elke strook word deur een of meer persoon deurgesoek. Kan binne- asook buitenshuis toegepas word.
- Spiraal: Die ondersoeker begin by die buitegrens en werk binnetoe, volgens die lyne van die middelpunt. Dit kan regsom of linksom wees en kan terselfdertyd deur meer as een persoon uitgevoer word. Kan vir binnenshuise gebiede en klein gebiede gebruik word.
- Wielsoektog ✓ (‘wheel search’): Alle ondersoekbeamptes begin by die belangrikste punt van die toneel. Daarna beweeg hulle uitwaarts, met elkeen wat ’n gemerkte segment van die wiel dek. Kan vir binnenshuise tonele gebruik word.

OF

Die hantering van getuienis
Sodra getuienis van die misdaadtoneel ingesamel is, is dit belangrik om die getuienis op so ’n wyse te hanteer dat dit bewaar word vir ontleding deur kundiges in die laboratorium. Daar moenie mee gepeuter word nie, en dit mag nie op enige wyse beskadig of gekontamineer word nie. Dit moet die laboratorium in min of meer dieselfde toestand bereik as waarin dit op die toneel aangetref is.
(Enige toepaslike antwoord) **[20]**

VRAAG 8

- Die polisie moenie slegs op misdade reageer nie, maar ook op skares.
- Indien ’n skare vreedsaam is, sal die polisie hulle help met die optog om oor hul griewe te kla.
- Indien die skare egter ’n misdaad pleeg, moet die polisie die ander mense of eiendom wat aan ander mense behoort, beskerm.
- Skarebestuur behels om ’n veilige en gemaklike omgewing vir groot skares te beplan.
- Skarebestuur moet potensiële bronne van gevaar in openbare byeenkomste te wagte wees.
- Oor die algemeen behels die rol van polisie by geleenthede om die reg af te dwing en skares op openbare eiendom te bestuur.
- Die nuwe beleid het wegbeweeg van skarebeheer na skarebestuur. Dit is ontwerp om die nuwe regsraamwerk aan te vul en die regte van alle burgers in ag te neem.
- Polisie moet te alle tye op ’n professionele, aanvaarbare en effektiewe manier optree, op ’n manier wat gemeenskapsgeoriënteerd is.
- Polisie moet alle take doeltreffend en bekwaam uitvoer.

Skarebestuur moet al die volgende elemente in ag neem:
- Die tipe geleentheid, bv politieke optog, sportbyeenkoms, konsert, saamtrek, parade, ens.
- Kenmerke van die vergaderplek ✓
- Grootte en gedrag van die skare
- Toegangsmetodes ✓
- Kommunikasies ✓
- Skarebeheer
- Toustanery **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou